higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

SKEP VAN NUWE ONDERNEMINGS
NKR VLAK 2

(3011032)

22 November 2019 (Y-Vraestel)
13:00–16:00

Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye.

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 150

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op 'n NUWE bladsy.
5. Gebruik slegs BLOU of SWART ink.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.25) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 'n ... is 'n vorm van eienaarskap met 'n maksimum van vyftig lede.

A Alleenhandelaar
B Vennootskap
C Privaatmaatskappy
D Beslote korporasie

1.1.2 Voorbeelde van bates wat dalk aangekoop moet word om 'n besigheid te begin, sluit die volgende in ...

A voorraad, water en elektrisiteit.
B skoonmaakmateriaal, geboue en skryfbehoeftes.
C voertuie, grond en geboue.
D masjinerie, grond en kapitaal.

1.1.3 'n ... voordeel is iets wat 'n besigheid so goed doen dat dit moeilik vir ander besighede is om dit na te boots.

A Prys
B Mededingende
C Produksie
D Vaardigheid

1.1.4 Wanneer die ... vasgestel word, moet die besigheidsbestuurder alle kostes wat hy/sy aangegaan het met die produksie of verkryging van die produk in ag neem.

A verkoopsprys
B kosprys
C vaste prys
D veranderlike prys

1.1.5 Die ... mark is die groep kliënte wat waarskynlik jou produk/diens sal koop.

A verskaffer
B voorraad
C teiken
D produksie

Kopiereg voorbehou

1.1.6 Watter instrument sal jy gebruik wanneer jy die gedrag van jou klante bestudeer?

A Vraelys
B Observasie
C Fokusgroep
D Onderhoude

1.1.7 Die professionele liggaam vir onderwysers:

A SAQA
B SACE
C CIPS
D IPSA

1.1.8 'n ... -staat is 'n gedetailleerde finansiële plan van wat heel waarskynlik in die toekoms gaan gebeur.

A Balans
B Kontantvloei
C Inkomste
D Wins

1.1.9 Watter van die volgende is nie 'n voorbeeld van skuldfinansiering nie?

A Oortrokke bankrekening
B Eie kapitaal
C Verskafferskrediet
D Persoonlike lening

1.1.10 Eksterne faktore wat die besigheid beïnvloed:

A Sterk- en swakpunte
B Geleenthede en bedreigings
C Geleenthede en swakpunte
D Swakpunte en bedreigings

1.1.11 … is waardevolle dinge of besittings van die besigheid.

A Bates
B Laste
C Krediteure
D Aandele

1.1.12 Watter van die volgende is nie 'n voorbeeld van vervaardigingsbedrywe nie?

A Parmalat
B Toyota
C Koerierdienste
D Suid-Afrikaanse brouerye

Kopiereg voorbehou

1.1.13 Al die stappe wat 'n produk ondergaan vanaf die 'n grondstof totdat dit as 'n produk gebruik word staan bekend as die ...

A verkoopsproses.
B aankoopproses.
C waarde ketting.
D verspreidingskanaal.

1.1.14 Watter van die volgende is NIE 'n eienskap van 'n produk nie?

A Tasbaar
B Ontasbaar
C Dit kan gesien word
D Dit kan gevoel word

1.1.15 Hierdie faktore word deur die regering opgelê en sluit veranderings aan belasting en rentekoerse in:

A Sosiologiese
B Ekonomiese
C Tegnologiese
D Politiese

1.1.16 'n Metode om primêre data in te samel wat wyd gebruik word.

A Staafgrafiek
B Opname
C Sirkelgrafiek
D Pamflette

1.1.17 Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) is 'n ... liggaam wat verseker dat alle besighede streng riglyne vir die betaling van belasting nakom.

A professionele
B regulatoriese
C assosiasie
D komplekse

1.1.18 Die proses van die verkoop, advertering en promosie van die produk staan bekend as ... .

A prysvasstelling.
B beplanning.
C handelsmerk.
D bemarking.

1.1.19 … is 'n informele, lae-koste metode wat gebruik word om primêre data in te samel.

A Verskaffing
B Advertering
C Vraag
D Observasie

Kopiereg voorbehou

1.1.20 … is wanneer die besigheid se inkomste gelyk is aan die besigheid se uitgawes.

A Eenheidskoste
B Ekwilibrium
C Gelykbreekpunt
D Wins

1.1.21 Die doel van die bestuur van 'n besigheid is om ...

A 'n wins te maak.
B die armes te help.
C bekend te wees.
D werk te skep.

1.1.22 Die soort behoefte wat die hoogste vlak van persoonlike prestasie bevredig staan bekend as die ...

A fisiologiese behoefte.
B selfaktualiseringsbehoefte.
C sekuriteitsbehoefte.
D status- en agtingbehoefte.

1.1.23 Die naam wat gegee word aan bates wat aan 'n leningsinstelling onderneem word as 'n waarborg dat 'n lening betaal sal word, staan as ... bekend.

A voertuie
B kollateraal
C beweegbare bates
D toerusting

1.1.24 … fasiliteite laat jou toe om geld uit jou rekening te onttrek selfs wanneer daar nie genoeg geld is nie.

A Oortrokke
B Lening
C Ekonomiese
D Industriële

1.1.25 'n … is 'n persoon wat goedere en dienste vir persoonlike gebruik aankoop.

A Entrepreneur
B Verbruiker
C Produsent
D Regering

(25 × 1) (25)

Kopiereg voorbehou

1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.25) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.2.1 In 'n beslote korporasie kan eienaarskap maklik oorgedra word.

1.2.2 Mededinging tussen maatskappye lei nie tot laer pryse nie.

1.2.3 Ekwilibrium is wanneer die besigheid nie 'n wins of verlies toon nie.

1.2.4 Produkte is een van die elemente van die bemarkingsmengsel.

1.2.5 Totale koste is die som van die inkomste en uitgawes.

1.2.6 Teen die gelykbreekpunt is totale koste gelyk aan die totale inkomste.

1.2.7 'n Privaatkollege is 'n voorbeeld van 'n niewinsgewende organisasie.

1.2.8 Vaste bates kan binne ses maande in kontant omgesit word.

1.2.9 Debiteure is kliënte wat jou besigheid geld skuld.

1.2.10 Wanneer die teikenmark geïdentifiseer word, moet jy ouderdom, inkomste en geslag in ag neem.

1.2.11 Die waardeketting in 'n besigheid is wanneer waarde tot die produk toegevoeg word, vanaf transformasie tot by die uitset.

1.2.12 Kontantvloeibegroting is een van die metodes wat gebruik word om tekorte in kontantvloei te vermy.

1.2.13 Die entiteit van 'n alleenhandelaar ('sole trader') is die eiendom van twee mense.

1.2.14 Al DRIE subsektore kan op een perseel geleë wees.

1.2.15 'n Besigheidsplan skep 'n raamwerk waarvolgens 'n besigheid bestuur kan word.

1.2.16 Die nadeel van 'n beslote korporasie is dat winsaandele slegs betaal kan word indien die besigheid solvent is.

1.2.17 Beperkte aanspreeklikheid beteken dat eienaars van 'n besigheid slegs verantwoordelik is vir die skuld van die besigheid in verhouding tot die belegging wat hulle in die besigheid gemaak het.

1.2.18 Uitset is die gevolg van die transformasieproses.

1.2.19 Grondstowwe en vervoerkoste is voorbeelde van veranderlike kostes.

Kopiereg voorbehou

1.2.20 Vennote is mense wat aandele in 'n maatskappy gekoop het.

1.2.21 Risikodraende ('Venture capitalists') kapitaliste bied laer rentekoerse as kommersiële banke.

1.2.22 Grond en geboue is voorbeelde van vaste bates.

1.2.23 Niewinsgewende organisasies voorsien dienste sonder om 'n wins daaruit te kry.

1.2.24 Verbruikersbehoeftes, begeertes en aanvraag bly konstant en verander nie na gelang van tyd nie.

1.2.25 Groeikapitaal is die geld wat gebruik word om 'n besigheid uit te brei.

(25 × 1) (25)
[50]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

VRAAG 2

Lees die onderstaande gevallestudie en beantwoord die vrae.

***PRO-CLEANZ** BK*



Protas het sy beroep as 'n opsigter en skoonmaker by een van die skole in die plakkerskamp begin. Een van sy pligte was om skoonmaakmiddels te bestel. Dit is hoe hy in kontak gekom het met die verskillende verskaffers en kennis oor die verskillende produkte opgedoen het. Hy het 'n opening in die mark gesien en besluit om sy eie besigheid te begin. Hy het ten minste R20 000 kapitaal nodig gehad om te begin. Sy beste vriend het hom geadviseer om 'n besigheidsplan op te stel en vir 'n lening by die bank aansoek te doen.

Sy leningaansoek was suksesvol en in 2014 het hy PRO-CLEANZ BK begin wat huishoudelike skoonmaakmiddels verkoop het. Die besigheid het nie in die eerste paar maande gelykgebreek nie, maar Protas het nie moed verloor nie. Sy harde werk is beloon en in 2016 het hy 'n skoonmaakmaatskappy onder dieselfde naam van stapel gestuur.

Sy maandelikse uitgawes sluit die volgende in:

- Water en Elektrisiteit
- Lone en Salarisse
- Terugbetaling van sy Lening
- Telefoon
- Brandstof
- Huur

2.1 Verduidelik kortliks die uitdrukking aanvangskapitaal ('start-up capital'). (2)

2.2 Noem DRIE befondsingsopsies buiten 'n lening by 'n bank. (3)

2.3 Noem TWEE nadele van 'n beslote korporasie. (2)

2.4 Protas moet sommige sektore van die Suid-Afrikaanse ekonomie in ag neem.

Verduidelik hierdie DRIE sektore kortliks en gee 'n voorbeeld van elk. (3 × 3) (9)

2.5 Verduidelik waarom Protas 'n besigheidsplan moet indien om vir 'n lening aansoek te doen. (1)

2.6 Noem voorbeelde van die volgende segmente van die teikenmark.

2.6.1 Geografie (3 × 1) (3)

2.6.2 Gedrag (2 × 1) (2)

2.6.3 Demografie (3 × 1) (3)

[25]

VRAAG 3

3.1 Noem SES faktore wat daartoe kan bydra dat mense by nie by PRO-CLEANZ BK sal koop nie. (6)

3.2 Stel vas of die volgende 'n produk of 'n diens is. Skryf die woord PRODUK of DIENS langs die nommer (3.2.1–3.2.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

3.2.1 UBER

3.2.2 YouTube

3.2.3 

3.2.4 Standard Bank

3.2.5 

(5 × 1) (5)

3.3 Bespreek TWEE van Protas se sterkpunte, wat tot die sukses van sy besigheid bygedra het. (2 × 2) (4)

3.4 Protas het gehoor van die P's in die bemarkingsmengsel.

Verduidelik aan hom waarvoor elk van die VIER P's staan. (4 × 1) (4)

3.5 Protas ondersteun plaaslike besighede.

Verduidelik hierdie stelling kortliks. (2)

3.6 Verduidelik kortliks die verskil tussen die volgende:


3.6.1 Professionele liggaam

3.6.2 Regulatoriese outoriteit

(2 × 2) (4)

[25]

VRAAG 4



4.1 Noem en verduidelik kortliks die DRIE metodes om primêre data in te samel en gee voorbeelde van elk. (3 × 3) (9)

4.2 Verduidelik VIER eienskappe wat dienste van produkte onderskei. (4 × 2) (8)

4.3 Identifiseer TWEE faktore wat die prys van 'n produk beïnvloed. (2)

4.4 Gebruik die bostaande inligting (grafiek) om die volgende vrae te beantwoord.

4.4.1 Watter produk het die beste verkoop in Junie 2018?

4.4.2 Wat was die totale hoeveelheid produkte wat in Junie verkoop is?

(2 × 2) (4)

4.5 Noem TWEE voorbeelde van besighede in die tersiêre sektor. (2)

[25]

VRAAG 5

5.1 Gebruik die gevalle studie (VRAAG 2) en identifiseer TWEE vaste koste en TWEE veranderlike koste. (2 × 2) (4)

5.2 Noem DRIE voordele van 'n vennootskap. (3)

5.3 Noem VIER aspekte of afdelings wat in 'n besigheidsplan ingesluit moet word. (2 × 2) (4)

5.4 Noem VIER stappe om begrotings te beheer en te bestuur. (4)

5.5 Voltooi die kontantvloei begroting vir PRO-CLEANZ BK vanaf Junie–Julie 2018. Skryf slegs die ontbrekende nommer langs die vraagnommers (5.5.1-5.5.6) in die ANTWOORDBOEK neer.

	JUNIE	**JULIE**
Bank balans aan die begin van die maand	R22 000	**(5.5.4)**
INKOMSTE		
Kontantverkope	R38 000	R42 000
Kredietverkope	R2 000	R3 500
Ander inkomste	R800	R500
TOTALE ONTVANGSTE	**(5.5.1)**	**(5.5.5)**
BETALINGS		
Kontantaankope	R12 000	R12 700
Maandelikse uitgawes	R16 000	R16 000
Ander Betalings	R5 000	R3 000
TOTALE BETALINGS	**(5.5.2)**	**R31 700**
Bankbalans aan die einde van die maand	**(5.5.3)**	**(5.5.6)**

(10)
[25]

TOTAAL AFDELING B: 100
GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou